



Kraggakamma Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd (5-9 Oktober 2026)

AFSKOP VRAAG

Wanneer het iemand al vir jou tereggewys? Dit was vir jou aanvanklik moeilik om te hoor, maar later het jy besef dat dit tot jou beswil was. Wat het die manier waarop hy/sy dit gesê het, aan jou ervaring verander?

GEBED

Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

SKRIFLESING

Matteus 7:1-6

GESPREKSVRAE

1. Wat, dink julle, bedoel Jesus met “Moenie oordeel nie...” in Matt. 7:1? Beteken dit dat ’n Christen nooit mag standpunt inneem en sê dat iets verkeerd is nie? Waar lê die verskil tussen oordeel en teregwyding?
2. Watter “gevaar”, volgens Jesus, hou dit vir ons in wanneer ons oordeel?
3. Jesus sê ons moet eers die balk uit ons eie oog haal. Watter “balke” in ons eie lewe kan veroorsaak dat ons eerder ander mense se “splinters” raaksien?
4. “Wie met een vinger na ’n ander wys, wys met drie vingers na homself.” Waarom is ons dikwels baie meer bewus van ander mense se tekortkominge as van ons eie? Wat sê dit oor die menslike hart?
5. Hoe kan ons iemand liefdevol tereg wys sonder om neerhalend, veroordelend of betersweterig te wees? Watter rol speel ons eie houding, woorde, tydsberekening en verhouding met die persoon? (Galasiërs 6:1a)
6. Jesus noem die Fariseërs huigelaars omdat hulle ander se foute raakgesien het, terwyl hulle hul eie foute misgekyk het. (Lukas 18:11-12). Waar loop ons vandag die gevaar om dieselfde binne die kerk te doen?
Okke de Jager sê ons veroordeel mekaar asof vanuit bomwerpers - ons is te hoog om goed te onderskei, te ver en gevolglik veralgemeen ons in ons oordeel. Ons praat van die jeug, die ou mense, die bosslapers, die bedelaars, die dit en die dat ... ons etikeer en klassifiseer van ver af en ons gooi bomme, en beskuldig en wond en dood ... en dit alles in God se Naam!
7. Die gedeelte eindig met Jesus se waarskuwing oor “honde” en “varke” - mense wat doelbewus die Goeie Nuus van Jesus Christus verwerp het. Hoe kan ons as Christene tegelyk getrou aan die waarheid wees én liefdevol bly getuig, sonder om die evangelie goedkoop te maak of mense af te skryf?